

Republikein

29.09.2009

Skatskip onthul geheime

DIE eerste Europeërs wat hulle in Namibië gevestig het, was waarskynlik nie Duitse sendelinge nie, maar sowat 300 Portugese matrose wat in 1533 'n ramp op see naby Oranjemund oorleef het.

Die moontlikheid dat die bemanning van die Portugese handelsvaartuig, die São João (Bom Jesus), opgeneem is in die San-gemeenskappe van die Suide nadat hul skip vergaan het, is deel van 'n spesiale verslag oor die Oranjemund skatskip wat in die Oktober 2009 uitgawe van die gesaghebbende National Geographic Magazine verskyn.

In dié berig deur Roff Smith word ook bevestig dat die 500 jaar oue skeepswrak met sy waardevolle vrag van goud, silwer, koper en ivoor wat verlede jaar in die Sperrgebiet ontdek is, wel die São João (Bom Jesus) van kaptein Dom Francisco de Noronha is.

National Geographic haal die Portugese geskiedkundige en mariene argeoloog, dr. Alexandre Monteiro, aan wat sedert sy besoeke verlede jaar aan Namibië met uitgebreide navorsing besig is oor die skeepswrak.

Die skeepswrak is op 1 April verlede jaar in die myngebied ontdek en word as die waardevolste, oudste en rykste vonds uit die era van die Portugese ontdekkingsvaarte aan die kus van Afrika beskou.

'n Internasionale herwinningspan het sowat 2 500 goue, silwer en koper Portugese en Spaanse muntstukke van meer as 23 kilogram op die toneel gevind. Die São João het ook altesaam 2 288 koperballe van 17 ton, 523 tin-blokke van ses ton, 600 kilogram lood en 5,3 ton yster aan boord gehad toe dit gesink het.

Onder die wapentuig wat herwin is, tel 14 swaardlemme, 14 kanonlope, wat saam vyf ton weeg, en 39 kanonkoeëls. Elf stukke navigasietoerusting en 105 olifanttande van meer as twee ton, is ook gevind saam met 'n groot verskeidenheid eetgerei en persoonlike besittings van die bemanning wat mediese toerusting en klerasie insluit.

Die identifisering van die skeepswrak is volgens National Geographic aansienlik bemoeilik nadat 'n aardbewing, tsoenami en brand in November 1755 die Casa da India, die gebou in Lissabon waar alle kaarte en skeepsvaartrekords gehuisves was, verwoes het.

Volgens dr. Monteiro moes hy staatmaak op nuusbrokkies oor die vroeë geskiedenis wat wydverspreid in verskeie biblioteke en argiewe te vinde is. Een daarvan is die Relações das Armadas oor die Portugese ontdekkingsvaarte.

Tussen 1525 en 1600 het altesaam 21 Portugese skepe onderweg na Indië vergaan. Die berig haal ook 'n brief aan wat 13 Februarie 1533 gedateer is oor koning Joao van Portugal se ooreenkoms met 'n Spaanse konsortium van sakemanne om die 1533-vloot te finansier.

Dié vloot het Lissabon op 7 Maart 1533 verlaat onderweg na Indië, maar is kort ná hul vertrek in 'n storm uitmekaar gedryf en die Bom Jesus het iewers aan die Kaapse kus vergaan.

Indien die skip hom steeds in 'n storm op see bevind het toe dit sowat 100 meter van die Namibiese kuslyn af teen rotse gebots het, sou niemand die ramp oorleef het nie. Indien die storm egter uitgewoed het en die skip koersloos op die see gedobber het tot by sy laaste rusplek, sou die volle bemanning van 300 oorleef het. Argeoloog is dit nou egter eens, luidens die berig, dat die meeste van die bemanning, indien nie almal nie, wel oorleef het.

Met vars water uit die Oranjerivier baie naby en voldoende seekos beskikbaar, glo hierdie mense dat die bemanning die elemente sou kon trotseer.

In daardie jare het groepe boesmans uit die binneland gedurende die wintermaande gereeld die kuslyn besoek op soek na kos en die moontlikheid bestaan selfs dat die oorlewendes hulle by hierdie groepe aangesluit het.

“'n Fris Portugese heer kon ewenwel beskou word as 'n aantreklike toekomstige skoonseun,” lui die National Geographic berig.

Christo Retief